

27 Januarie 2011

Jaargang 3 – Uitgawe 44

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Kerk en wêreld

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (Romeine 15: 13)

Die kerk verloor soms perspektief oor sy roeping in die wêreld. Dit het waarskynlik te make met die konteks van sy bestaan. Vir baie van ons begin en eindig alles by ons plaaslike gemeente. Dit is waar ons leef en werk, waar ons die verkondiging van die Woord elke Sondag hoor, waar ons mekaar se lief en leed deel.

Wanneer ons lidmate verminder of een of ander finansiële ramp ons tref, vra dit eenvoudig net soveel harder werk van die oorblywende lidmate om te oorleef. Sonder dat die gemeente dit regtig agterkom, word al hoe meer na binne geleef en word dit 'n geval van elkeen vir homself. Dit is wanneer instandhouding die kerk se roeping begin oorwoeker dat 'n mens perspektief begin verloor.

In Suid-Afrika het die sosio-politieke omstandighede die afgelope 20 jaar soveel verander dat baie van ons nou nog sukkel om by hierdie nuwe omstandighede aan te pas. Ons geloof en dus ook kerkwees staan nie geïsoleer hiervan nie. Die joernalis Leopold Scholtz sê dat ons 'n fundamentele keuse moet maak in die lig van die feit dat dit op die oomblik nie goed gaan in Suid-Afrika nie. As voorbeelde noem hy sake soos geweld en misdaad, omvangryke onbekwaamheid van die regerende party, slegte of selfs afwesige leierskap, korrupsie en nog baie ander dinge. Hy noem verder dat die Afrikaner- en Afrikaanstalige gemeenskap hoofsaaklik op drie alternatiewe maniere daarop reageer.

Eerstens is daar dié wat die probleem ontken en hoop dat dit vanself sal weggaan. Tweedens is daar die groep wat kla en skree en skel en vloek en alles aan 'n sekere bevolkingsgroep toeskryf en jou as volksverraaier verketter as jy nie met hulle saamstem nie. Derdens is daar die groep wat erken dat daar probleme bestaan en dan op 'n opbouwende wyse skouer aan die wiel sit om te werk aan 'n oplossing.

Die gesindheid van hierdie derde groep kan goedsdiks ook op die kerk van toepassing gemaak word. Dit help nie om probleme te ontken en die ore toe te druk met die hoop dat die probleme vanself sal verdwyn nie. Net so bring dit ons nêrens deur alles te kritiseer en teen alles te wees nie. Die kerk het 'n roeping en dit gaan gepaard met hoop. Die kerk behoort ook aan te pas om hierdie boodskap van hoop in veranderde tye na mense te bring. Die uitdaging is om ten spyte van al die sekularisering en ontstellende dinge steeds die boodskap van hoop en bevryding te bring.

'n Mens sou kon vra: Maar hoe kan een mens, of een gemeente, of een kerk, 'n verskil in die wêreld maak? Die vloed van sekularisering en invloed van ander godsdienste, misdaad, korrupsie en geweld is eenvoudig net te veel.

Natuurlik kan een alleen of selfs net een kerk nie die wêreld verander nie, maar elke inset, elke bietjie, lewer 'n bydrae om 'n groter stroom te vorm. Twaalf dissipels se hoop het oor eeue die hoop van miljoene geword. Saam met die apostel Paulus kan ons ook maar net bid: *Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees (Rom 15: 13).*

**Ds Dries Beukes, Visevoorsitter
Kommissie van die AKV**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Bernie Sneygans

Beroep bedank

- **Ds Bernie Sneygans** van Hartebeestpoort na Vryburg

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by rjjones@nhk.co.za (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by barnardj@secunda.co.za (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by annatjie@biowaymulti.co.za (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nou vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.
- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 4 Maart 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by secunda@nhk.co.za. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nou vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.



Ds Paula Eksteen en Albert Erasmus

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Ons het verneem dat **ds Paula Eksteen** van Gemeente Midrand ook onlangs getroud is. Paula en diaken Albert Erasmus is op 16 Desember 2010 deur prof Yolanda Dreyer in Bethlehem in die huwelik bevestig. Sy is nou ds Eksteen-Erasmus. Paula is sedert 2008 deelydse predikant in Midrand, en Albert het in 2009 by die gemeente ingeskakel.
- **Ds Johan van Wyk** van Gemeente Rustenburg het onlangs 'n groot operasie ondergaan. Hy is reeds tuis en dit gaan goed met hom.
- **Prof Ben Engelbrecht** het op 5 Desember sy 60-jarige ampsjubileum gevier. Die foto hiernaas van prof Ben en sy kollegas is toe in die kerkgebou van Gemeente Pretoria geneem. In die Maart 2011-uitgawe van *Die Hervormer* sal breedvoerig oor die geleentheid berig word.
- Die naam van **prof Bart Oberholzer** is verlede week per abuis nie genoem nie by die predikante wat vanjaar 60 jaar in die bediening is. Prof Oberholzer



Prof Ben Engelbrecht en sy kollegas



Prof Bart Oberholzer



Dr Gert Malan



Diaken Andries Pretorius



Prof Piet Geyser

Ds Kiewiet van Deventer

vier sy ampsjubileum op Sondag 6 Februarie in Gemeente Wonderboom, sy tuisgemeente. Hy lei die oggendediens om 09:00.

- **Ds en mev David Barnard** en hul gesin word op Sondag 6 Februarie deur Gemeente Magaliesmoot ontvang. Ds Barnard word dan in sy amp bevestig.
 - **Die volgende predikante verjaar van 27 Januarie tot 3 Februarie**, en word hartlik geluk gewens.
 - Donderdag 27 Januarie: Ds Elmien Snyman (Sundra)
 - Saterdag 29 Januarie: Dr Jaco Beyers (Verwoerdburg) en ds Heloïse Herbst (Rietvallei)
 - Sondag 30 Januarie: Ds Eksteen Botes (Nelspruit)
 - Dinsdag 1 Februarie: Di Fanie Naudé (emeritus) en Andries Nel (Witpoortjie)
 - Donderdag 3 Februarie: Di Tinus Mc Donald (siekte-emeritaat) en Almero Oosthuizen (Meyerton-Suid)
 - **Dr Gert Malan** van Gemeente Mosselbaai is benoem as die nuwe redakteur van die *Bybelse Dagboek*. Die 2012-uitgawe is die eerste waarvoor hy verantwoordelik is. Die vorige redakteur, ds Piet van der Merwe, emeriteer later vanjaar. Hy was sedert 1998 die redakteur van die *Dagboek*.
 - Die jaarlikse **legitimasieplegtigheid** van die finalejaar teologiestudente vind plaas op **10 Maart** in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Die name van moontlike kandidate sal na afloop van die praktiese opleiding bekendgemaak word. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) besluit eers op 10 Maart oor hul beroepbaarstelling, en gemeentes wat beplan om die proponente te beroep, sal dit eers daarna kan doen.
 - Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV) besin tans oor die vulling van die pos van **Sekretaris van die ADV**. Tans beman die voorsitter, **diaken Andries Pretorius**, een of twee dae per week die kantoor.
 - **Prof Piet Geyser** is tans weer in Namibië waar hy **Gemeente Windhoek** bystaan as brugpredikant. Daar word nog onder meer berading gedoen na die skielike afsterwe van ds Drikus Engelbrecht. Mev Ronel Engelbrecht het reeds verhuis na Pretoria-Noord, waar sy tydelik by haar ouers woon.
- Prof Geyser** het weer vir die eerste deel van die jaar 'n **tydelike aanstelling** by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, waar hy op 60-jarige ouderdom verplig was om af te tree. Die Universiteit het hom sedertdien ononderbroke op 'n deelydse basis gebruik.
- **Gemeente Barberton** beplan om so gou moontlik 'n predikant te beroep na die afsterwe van ds Albert Minnaar. Ds en mev Minnaar het met groot vrug in die gemeente gewerk, en die finansies van die gemeente het veral drasties verbeter. Die kerkraad werk tans onder leiding van die konsulent, **ds Kiewiet van Deventer** van Malelane.
 - **Gemeente Vryburg en die Stella-kombinasie** is steeds vakant nadat predikante wat beroep is, nie die beroepe aanvaar het nie. Daar word opnuut beplan en daar sal binnekort weer beroep word.
 - **Gemeente Verwoerdburg** is besig met sy beroepswerksaamhede nadat dr Jaco Beyers die benoeming as dosent by die Universiteit van Pretoria aanvaar het. Die werk in die gemeente word voortgesit deur ds Frikkie Viljoen, dr Jan Vorster (deelydys) en ds Deon du Toit (benoeming).



Ds Kalfie Loots

- **Gemeente Ebenhaézer** in Ellisras het toestemming van die Kommissie van die AKV ontvang om tydelik van die pastorale dienste van **ds Kalfie Loots** gebruik te maak. Ds Loots sal die kerkraad bystaan om 'n predikant te beroep.
- Die **Reistas-toerustingspakket vir Dienswerkers** word weer vanjaar aangebied in die ring van Noordelike Pretoria. Dit is 'n moet vir almal wat betrokke is by barmhartigheidswerk. Predikante, ouderlinge, diakens, diensgroepwerkers, NHSV-lede en ander belangstellendes word uitgenooi om die toerustingskursus by te woon op **Vrydag 11** (vanaf 18:00) en **Saterdag 12 Februarie** (vanaf 08:00) by **Gemeente Oos-Moot**, Collinslaan 1265, Môregloed. Die koste is R110 per persoon (sluit lesingstuk en verversings in). Die bedrag is betaalbaar aan die Ringsdiakensvergadering (RDV) Noordelike Pretoria, ABSA, rekening 405 031 6934; die bedrag kan ook tydens registrasie betaal word. Bevestig asseblief **teen Maandag 7 Februarie** die aantal persone wat die kursus gaan bywoon. Kontak Daleen Smith by 073 229 3814 of dsmith@webmail.co.za.
- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan van **Januarie tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom gratis preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir die ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.
- **Gemeente Brackenhurst** in Alberton onderneem van 30 Januarie tot 13 Maart 'n veldtog oor **egte spiritualiteit**, gebaseer op Romeine 12. Hulle gaan deur die 5 fasette van dissipelskap werk. Meer inligting kan van die gemeentelike kerkkantoor by 011 868 3625 of nhkbrack@ananzi.co.za bekom word.
- Die **NHSV Hoofbestuur** herinner gemeentes daaraan dat die deurkollekte van **13 Februarie** aan die NHSV toegestaan word. Vanjaar sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.
- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parking is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.
- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by www.indievoetspore.co.za, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

Spesiale eredienste



Ds Jan-Harm Barkhuizen

- Op Sondag 13 Maart bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes 'n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. 'n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en 'n DVD van die Liedboek). Dit dien as 'n verkennings- en bewusmakingsgeleentheid, omdat die gemeente bewus is van heelwat gehoorgestremdes in die omgewing. Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of harm@nhk.co.za.

Konserte

- **Saterdag 19 Februarie: Gemeente Bothaville: Lapafees**
Met Rudi en Corlea
Kontak Douthie by 056 515 2673

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
Tema: *Soetgoed vir die gesin*
Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989
- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Kurt Darren**
Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sport

- **Gemeente Greylingstad: Hengelkompetisie Saterdag 29 Januarie**
Langs Vaalrivier by Aqua Via naby Villiers
Kaartjies R150 en beskikbaar by ingang
Kontak Henry van Jaarsveld by 082 8247031

Basaars en markte

- **Saterdag 29 Januarie: Gemeente Nelspruit**
Maroelafees en Buitelewe-ekspo
Vanaf 08:00 tot laatmiddag by Nelspruitse Rugbyklub
Toegang gratis
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455
- **Saterdag 7 Mei 2011: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
Goewermentstraat 31, Delareyville
Met Bobby van Jaarsveld
Toegang gratis
Kompetisie R100 per kaartjie
1ste prys bul en 10 topverse; 2de prys 5 topverse; 3de prys bootvaart na Portugese Eilande
Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

ANDER NUUS



Mev Deonie la Grange



Wilma Franse

- **Mev Deonie la Grange**, Ouditbestuurder by die Sinodale Kerkkantoor, het kennis gegee dat sy binne die volgende maande gaan aftree. Sy is tans een van die personeellede met die meeste diensjare by die Kerkkantoor.
- Die **amptelike opening van AIM** vind op Dinsdag 1 Februarie om 08:30 plaas in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou. Die spreker is dr Charmaine Fourie, en die tema *Armoede – wat kan ek doen om te help?* Laat weet prof Natie van Wyk by 012 322 8885 x249 indien u die geleentheid wil bywoon.
- Een van AIM se finalejaarstudente, **Wilma Franse**, is op Maandag 24 Januarie op Kakamas in die Noord-Kaap tragies oorlede. Ons innige simpatie gaan aan haar familie en medestudente.
- Lede van die **Raad vir Regsadvies** en die redaksies van die **Almanaken Bybelse Dagboek** moet kennis neem van die eerste vergaderings vanjaar, op Maandag 14 Februarie. Die redaksies vergader om 14:00 en die Raad om 17:00.
- Gedurende April vanjaar vier **Konteks sy 21ste verjaardag**. 'n Pragbylae sal in die April 2011-uitgawe verskyn, met artikels van talle van die oorspronklike medewerkers. Lesers word genooi om **gelukwensingsboodskappe** van uiters

75 woorde te stuur aan die redakteur, dr Wian Kloppers, by konteks@nhk.co.za. Die boodskappe sal sover moontlik in die betrokke bylae gepubliseer word.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 4 Februarie plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
 - Donderdag 27 Januarie: Raad vir Erediens
 - Vrydag 28 Januarie: Moderamen en Kommissie van die AKV
 - Dinsdag 1 Februarie: Amptelike opening van AIM
 - Woensdag 2 Februarie: Dagbestuur van die Kinderhuise
 - Donderdag 3 Februarie: Raad vir Pastoraat en Presbiteraat
 - Vrydag 4 Februarie: Predikantepensioenfonds en Personeelpensioenfonds

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Wanneer ’n vergadering met die statuur van die AKV dae lank oor ’n saak debatteer en dan tot ’n besluit kom, moet die beginsel van die demokrasie eerbiedig word. Dit is tog die *Kerk* wat besluit, en dit betaam lidmate om dit te respekteer. Om te sê dat ’n *ander leer strydig met die leer van die Kerk* ter sprake kom, is moedswillig.

Waar die Kerk met die insig van die tyd ’n nuwe perspektief op die apartheidsbeleid kry, kan ons dit agter ons plaas en aanbeweeg – want die oes staan op die lande en die arbeiders is min.” (*Brief verkort*)

Dr Ernie Jacobson

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

EDDIE DAVEY FEESTELIKE MUSIEKKONSERTE EN MUSIKANTE

Kerke, kapelle, sale, tuine, trouvenues – landwyd

Eddie Davey www.MusicaFestiva.co.za (*Musikante vir Alle Geleenthede*)

Populêre klassieke musiekuitvoerings, feeskonsertere, feestelike eredienste, Lofsing-die-Here-uitvoerings (ook publieke samesang), fondsinsamelingskonsertere en eiekeusegeleenthede

Ook gepaste musiek vir troues (tydens kerkseremonie, fotosessie/sjerrie, ete, dans), onthale, jaareindfunksies, eiekeusegeleenthede

Lig-klassieke musiek en strelende romantiese agtergrondmusiek tydens onthale, asook lewendige dansmusiek uit alle styltydperke

Eddie Davey (orrel, clavinova/klawerbord, trekklavier) en ander musikante (trompette, strykers, harp, saksofoon, trekklavier, dansorkeste, DJ’s, ens)

Bespreek NOU

Kontak Eddie Davey by 083 442 5933 of eddie@mountfestivalodge.co.za

www.musicafestiva.co.za



3-SLAAPKAMERHUIS TE HUUR

Vir studente wat aan die Universiteit van Johannesburg studeer

1 slaapkamer met badkamer

2 slaapkamers

1 badkamer

Groot kombuis en voorhuis

Bring eie benodighede (bed, linne, yskas)

Koste ±R2 000 (water en ligte ingesluit)

Skakel Melt by 082 410 4718

AGTERBLAD

Bybelvasvra 2011

Tydens die beplanningsvergadering van die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra is voorstelle van predikante en lidmate oorweeg. Uiteindelik is die onderstaande besluite geneem.

Ringsvasvra

Daar was talle versoeke om 'n standaardvraestel aan ringe beskikbaar te stel. Die probleem was egter dat ringe se vasvrae op verskillende tye plaasgevind het. Daarom het die Komitee dit goedgevind om 'n vasgestelde datum vir die ringsvasvra te skep, naamlik **Sondag 29 Mei 2011**. Alle rondtes van die ringsvasvra vind op hierdie datum plaas, waarvoor 'n standaardvraestel beskikbaar gestel sal word vanaf die Bybelvasvra-komitee.

Streekvasvra verval

Die afgelope tyd het ons heelwat probleme met die streekvasvra ervaar, veral waar afstand 'n faktor is. In verskeie gevalle het gemeentes aan die ringsuitdunne deelgeneem en kon hulle nie na die landwye finaal vorder nie, omdat geen streekuitdunne gereël is nie. Ons het derhalwe besluit om die streekuitdunne te staak. As streke egter steeds bymekaar wil kom om vir die finaal te oefen, kan hulle dit doen. Die eerste twee spanne in elke kategorie by die ringsvasvra dring dus deur na die landwye finaal (sonder 'n streekuitdun).

Landwye finaal by 'n kampterrein

Die landwye finaal vind steeds die tweede Saterdag in September plaas, soos die afgelope jare die geval was. Daar is egter meer om na uit te sien. Die finaal vind plaas by 'n kampterrein (by Kwaggasrus, buite Brits op die Thabazimbi-pad) en gemeentes (veral die jongmense) word aangemoedig om die hele naweek saam met ons deur te bring. Verdere reëlings sal later bekendgemaak word.

Bestek

Laerskool: Matteus 1-7

Hoërskool, Jong Hervormers en volwassenes: Matteus 1-7

Bybelstudieboek: *Die Ons Vader-gebed* van dr Gert Malan

Navrae

Rig enige navrae aan ds Stephen de Beer by gsdebeer@gmail.com of 083 781 2955, of ds Marna Naudé by marna.naude@hotmail.com of 078 639 1278. Daar is ook inligting beskikbaar op Facebook – Nederduitsch Hervormde Kerk Bybelvasvra.

Ons hoop die Bybelstudie sal geestelik verrykend wees!

Ds Stephen de Beer
Koördineerder: Landwye Bybelvasvra

